

**30 September**

**2 Korintiërs 9**

***Hy wat die saad opeet is dom!!***

God is die Bron van alles wat goed is. So gee hy aan sy kinders saad. Maar wie saad terughou, se oes sal nie sy volle potensiaal bereik nie. Aan die ander kant, wie mildelik seëninge (saad) saai in menselewens sal op sy beurt oorvloedig konkrete seëninge inoes. God wil dat ons Hom moet liefhê deur gehoorsaamheid en om ons naaste so lief te hê as onself. God hou baie daarvan dat ons vrygewig is, met 'n gejubel en gejuig, want dan vertoon ons die beeld van die barmhartige en genadige God in 'n selfgesentreerde wêreld. Die oomblik wanneer God sien dat jy aktief meewerk aan die uitbreiding van sy Koninkryk, stel hy al die middele waaroor Hy beskik tot jou beskikking sodat jy altyd oorvloed sal hê waarmee jy vrygewing in sy diens kan staan. Hy voorsien nie alleen die middele nie, maar ook die geloof en die gesindheid deur die werking van die Heilige Gees. Hoe meer jy saai, hoe meer sal God jou saad vermeerder sodat jy meer en meer kan gee aan ander. Hoe meer jy aan ander gee hoe meer saad sal jy kry wat jy op jou beurt weer kan uitstrooi. En hierdie gesindheid en optrede sal 'n ryk oes oplewer. God sal ons met meer vertrou as ons ophou om die saad te eet en dit in gehoorsaamheid aan sy gebod in die geloof uitstrooi.

Sing: Psalm 47:1, 2, 3, 4

Ds. G.B. Enslin (Witbank)